



Nasionale Inperkings tyd
Wiskunde Beplanning: Graad 6
Week 1: 20 April – 24 April 2020

Eenheid 1.9 DATAHANTERING

- Doen die werk in jou **Wiskunde Huiswerk boek** of in jou eie boek wat jy veilig bewaar.
- **Kits reken** – 3 x tafel (spring rond in tafel, leerders moet dit vlot kan opnoem)
- **Wolkskool** se **video's** is nie verpligtend nie, maar dit word beslis aanbeveel as 'n ekstra hulpmiddel – Teken gratis in by

<https://skole.co.za/registreer-hier-vir-gratis-toegang-tot-die-wolkskool/>

Samel data in en organiseer dit

Data kan ingesamel word deur dinge te tel, vrae te vra en opnames te maak. Tellings en **tabelle** kan gebruik word om hierdie data wat ingesamel is te organiseer.

Jy kan ook data versamel deur 'n **vraelys** te gebruik. 'n Vraelys is 'n lys waarop vrae gedruk is. Mense vul dan die vraelys in deur die blokkies af te merk, hulle keuses te omkring of antwoorde neer te skryf.

Voorbeeld

Danniele is bekommerd oor die hoeveelheid Rommel wat elke dag na pouse op die skoolterrein rondlê. Sy vra haarself die volgende vrae:

- Is ander leerders ook daarvoor bekommerd?
- Sou hulle bereid wees om te help om 'n oplossing vir die probleem te vind?
- Het die skool nog vullis dromme nodig?
- Wat kan die skool nog doen om die rommelstrooiing te stop?

Sy stel die volgende vraelys op om **data** wat sy nodig het in te samel.

- **Tabelle** – inligting wat in rye en kolomme gerangskik is
- **Vraelys** – 'n vorm waarop vrae verskyn en antwoorde opgeteken word
- **Data**- inligting wat jy insamel

Rommelvraelys: Merk asseblief die regte blok

1. Is Rommel 'n probleem by ons skool? Ja Nee Weet nie
2. Benodig ons skool meer vullisblikke? Ja Nee Weet nie
3. Sal jy deelneem aan 'n projek om rommelstrooiing stop te sit? Ja Nee Weet nie
4. Wat kan die skool doen om rommelstrooiing te verhoed? (Merk meer as een indien nodig)
Meer vullisblikke Sluit die snoepwinkel Beboet mense wat Rommel strooi
Straf diegene wat rommel strooi Kies rommel monitors
Begin met 'n herwinnings projek
5. Het jy enige ander voorstelle?

Die modus en die mediaan van 'n stel data

Jy het verlede jaar geleer dat die **modus** die getal of item is wat die meeste in 'n stel data voorkom.

- 'n Datastel kan meer as een modus hê. In die datastel 2; 2; 3; 3; 4; 5, kom die getalle 2 en 3 elk twee keer voor. In hierdie datastel is 2 en 3 dus albei modusse.
- As daar geen items is wat meer as een keer voorkom nie, is daar geen modus nie, soos byvoorbeeld in die datastel 2; 3; 4; 6; 8; 9; 10.

Die **mediaan** is die middelste getal in 'n geordende datastel.

Volg hierdie reëls om die mediaan te bepaal:

- Rangskik eers die getalle in stygende volgorde
- Kies die middelste getal.

Byvoorbeeld

27; 21; 23; 22; 40; 31; 18

Rangskik van klein na groot (stygende volgorde): 18; 21; 22; 23; 27; 31; 40

Die mediaan is dus 23.

As daar egter 'n ewe getal waardes is, is die mediaan die gemiddeld van die middelste twee waardes:

Bv. 4; 5; 6; 6; 6; 7; 7; 9; 9; 10

Die mediaan = $(6 + 7) \div 2 = 6.5$

- **modus** – die getal of item wat die meeste in 'n datastel voorkom
- **mediaan** – die middelste getal in 'n geordende datastel

Gemiddelde


Tel al die waardes bymekaar en deel die totaal deur die aantal waardes.

Bv. 2; 3; 5; 5; 6

$$= (2 + 3 + 5 + 5 + 6) \div 5$$

$$= 21 \div 5$$

$$= 4.2$$

Dag	Datum	Bespreking en Riglyne	Leerderboek bladsy	Ondersteunings materiaal	Werkboek
Maandag	20.04.2020	<p>Data Hantering: Kollekteer data</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik tel merke en tabelle vir rekordhouding • Gebruik eenvoudige vraelys <p>Rangskik data van die kleinste groep na die grootste groep</p> <p>Lees deur bladsy 66 en 67 van jou handboek. Let op die manier wat die tellingtabel voltooi word asook die tipe inligting wat daardeur verkry word.</p> <p>Jy kan of vriende kontak om die data in te win of data by jou familie insamel.</p>	66-68	<p>Getalmerke/ Tally marks https://cutt.ly/ti76xE</p>  <p>https://wolkskool.co.za/inhoud/wiskunde/5-datahantering/11a-datahantering-samel-in-en-organiseer</p> <p>https://wolkskool.co.za/inhoud/wiskunde/5-datahantering/11c-datahantering-modus-en-mediaan</p>	Aktiwiteit 1 nr. 1; 3 en 4

Dinsdag	21.04.2020	<p>Teken 'n verskeidenheid grafieke om die data voor te stel en om dit te interpreteer dit sluit in:</p> <ul style="list-style-type: none"> • prent grafieke /piktogramme met een-tot-een of meer-tot-een voorstellings <p>Piktogramme gebruik simbole of prente om data te vertoon. 'n Sleutel sê vir jou wat die simbole voorstel. Jy moet die sleutel gebruik om 'n piktogram te kan interpreteer.</p>	69-71	<p>Data hantering: teken 'n piktogram https://bit.ly/2c9LksD</p>  <p>https://wolkskool.co.za/inhoud/wiskunde/5-datahantering/11b-datahantering-piktogram-en-grafieke</p>	Aktiwiteit 2 nr. 1; 3 en 4
Woensdag	22.04.2020		71-73		Aktiwiteit 3 nr. 1 en 3
Donderdag	23.04.2020	<p>Nog 'n metode wat ons kan gebruik is staafgrafieke in plaas van simbole. Gaan deur die voorbeeld van 'n vertikale-, horisontale staafgrafiek en die sirkelgrafiek in julle handboek.</p>	73-77	<p>Data hantering: teken 'n staafgrafiek: https://www.youtube.com/watch?v=7mKzTBYufaQ</p>  <p>https://wolkskool.co.za/inhoud/wiskunde/5-datahantering/31b-datahantering-stel-data-voor</p>	Aktiwiteit 4 nr. 1,2 en 3

Vrydag	24.04.2020	<p>Daar word ook van julle verwag om data te kan lees en krities te interpreteer wat dit voorstel in:</p> <ul style="list-style-type: none"> • woorde • prent grafieke / piktogramme • staafgrafieke • dubbele staafgrafieke • sirkel grafieke <p>Analiseer data deur vrae te beantwoord wat verwant is aan:</p> <ul style="list-style-type: none"> • data kategorieë, insluitend data intervalle • data bronne en kontekste • algemene tendense – (modus en mediaan) <p>Opsomming van data mondelings en in kort skriftelike paragrawe, insluitend:</p> <ul style="list-style-type: none"> • kom tot gevolgtrekking m.b.t. die data • maak van voorstellings wat op die data gegrond is. 		<p>https://wolkskool.co.za/inhoud/wiskunde/5-datahantering/11d-datahantering-interpreteer</p> <p>https://wolkskool.co.za/inhoud/wiskunde/5-datahantering/31d-datahantering-interpreteer-data</p>	Aktiwiteit 4 nr. 4,5 en 6
--------	------------	---	--	---	---------------------------